## 17 Oktober - SOEK

**Skrifgedeelte: Sefanja 1:14 – 2:3 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Sefanja 2:3**

Ons leef in 'n tyd van pessimisme en swartgalligheid, want daar is baie dinge wat in die lewe gebeur en omstandighede wat oor ons kom wat die mens pessimisties en swartgallig kan stem. Jy kan soms só moedeloos en afgerem wees deur gebeure in jou lewe dat dit dreig om in kleingeloof en ongeloof te verander.

Dit is dan dat die evangelie jou gemoed kan regruk – jou weer optimisties en gelowig kan maak. 'n Teksgedeelte wat mens juis hierin help, is die profesie van Sefanja. In ons fokusvers word die woordjie "*soek*" drie maal gebruik. Dit laat mens dink aan Christus se bergrede as Hy spreek oor gebed: dat ons moet "*soek*" en dan sal vind (Matt 7:7). Nou moet ons mooi oplet waarna die profeet "*soek"*. Hy *soek* drie dinge.

*Eerstens* sê hy: "*Soek* die Here." Is God dan weg? Nee, in Christus is Hy Immanuel – God by ons (Matt 1:23). Maar die profeet roep die kind van God op om in sy hele lewe *soekend* te bly na die God van die Verbond; die getroue God wat nóóit die werke van sy hande laat vaar nie (Ps 138:8); wat nóóit sluimer of slaap nie (Ps 121:4); wat ewig by ons is en sal bly deur sy Heilige Gees. En so kan ons God bly *soek* deur sy Woord en in gebed.

*Tweedens* sê die profeet: "*Soek* geregtigheid." Op 'n keer sê Christus: "*Soek* eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid en alles sal vir julle bygevoeg word" (Matt 6:33). God se geregtigheid is 'n diepe en intense *soek* van die mens na vergewing van sonde – wat alleen te vind is in die kruisdood en versoeningsliefde van Jesus Christus.

*Derdens* sê die profeet: "*Soek* ootmoedigheid." Dit is om nederig en beskeie te leef voor die aangesig van die Here; om te besef dat jy alleen van God se genade en liefde afhanklik is. Dit beteken ook om die wil van God in jou lewe te aanvaar. As ons daarom bid: "Laat U wil geskied", *soek* ons daardeur na ootmoedigheid en nederigheid om te berus in God se wil.

Só kan ons *soekend* na God se genade en liefde, positief, optimisies en gelowig elke dag binnegaan, want ons weet: God regeer en beskik in jou lewe – alles ten goede!

*Sing: Psalm 4:3 (1936-beryming)* *Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*